



Kompas

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 13 / no. 10
Oktober 2004

DIE KONING SE PALEIS

Volhoubare ontwikkeling – kan dit? Die wêreld moet gevoed word. Hongersnood en armoede wil beveg word. Droogtes moet oorkom en vloede onder beheer gebring kan word. Alle huishoudings moet kan beskik oor lopende water. Blykbaar het alle mense rêg daarop!? Maar God se Naam word nie eers in die gesprekke oor ontwikkeling en die volhoubaarheid daarvan genoem nie. Wat wel op die voorgrond is, is die verheerliking van die mens met sy prestasies en vermoëns. Asof alles afhang van wat die mens kan presteer.

Hoe anders klink dit in Psalm 104!! Hier is totale afhanklikheid van God. Psalm 104 laat nie maar alles so eenvoudig klink nie, asof eenvoudig en geloof kom deur 'n beperkte sig op die grootte van die wêreld en die wat daarin woon – mens en dier – nie. Die grootheid daarvan word gesien ... hoe talryk is U werke! Maar daar lê tegelyk die groot verskil. Psalm 104 besing die lof van die heerlijkheid van die Here in die onderhouding van die wêreld en nie die ekonomiese of tegnologiese krag van magtige mense nie. Die ontelbaarheid van die Here se werke word raakgesien.

Psalm 104 teken vir ons die aarde as mooiste woonplek. 'n Pragtige huis vir baie om in te woon. Mens en dier. Klein en groot. 'n Huis wat wemel van God se skepsele. En hulle is almal vir versorging en onderhoud heeltemal van die Here afhanklik. Hulle almal wag vir die Here dat Hy vir hulle voedsel kan gee op die regte tyd. Elkeen kry op sy tyd wat hy nodig het. Die sig is hier so vertroostend en bemoedigend. Ons oë word oopgemaak vir 'n magtige Versorger van die huishouding, Hom wil Psalm 104 met 'n loflied besing.

In vers 34 bid die digter van die Psalm: "Mag my oordenking Hom welgevallig wees". In ons eie woorde gesê – mag dit wat ek dink wanneer ek die skepping rondom my sien, vir die Here goed wees. Vir ons is vandag die vraag heel konkreet: is ons oordenking vir die Here welgevallig? Ons beweeg dikwels tussen twee uiterstes – óf ons sien die wêreld as 'n plek waar die skatte rondlê waarmee ek myself kan verryk soos 'n rower – dan dink ons oor die skepping as 'n plek vir my eer geskape. Die aanskou van die skepping bring dan geen loflied tot eer van God op my lippe nie. Óf ons kyk ons vas in ons dikwels sukkelende bestaan en sien daarom die skepping as een groot bedreiging vir ons voortbestaan. Ons dink dan nie meer daarvoor as 'n veilige woonplek wat ons hemelse Vader vir ons gegee het nie.

Die Here word in hierdie Psalm voorgestel as 'n koning. Ons God is aangetrek soos 'n koning! Geen armoede by Hom nie! Sy koninklike mantel is die lig wat Hy rondom Homself drapeer. Hy woon in 'n pragtige paleis – Hy span die hemel uit soos 'n tent. Só maklik is dit vir Hom. Die hemel is sy paleis. Maar die ryk Koning versteek Homself nie in sy paleis nie. Die wolke is sy wa – Hy kom daarop aangery. Hy wandel op die vleuels van die wind. Die Here laat ons sien en hoor ... Ek is teenwoordig in julle bestaan van elke dag. Soms heel verskriklik – vuurvlamme is sy dienaars ... wanneer die weerlig met geweld op die aarde neerslaan; soms vernietigend ... Die Here laat egter sy teenwoordigheid deeglik waarneem; die vraag is of ons nog oog en oor daarvoor het as (post)moderne mense!

In Hierdie Uitgawe



- Eiendomspryse en plakkerskampe 2
- God in beweging 3
- 60 jaar Vrygemaak 5
- Jaarvergadering VGL 6
- Bybelse posisie van die kind 7
- Kind en Seksualiteit (II) .. 9



- 'n Kwessie van vorm 11
"Kerke toon hulle teologie in die vorm en inhoud van hulle erediens"
- Woord en Antwoord 13
- Simfonia Africa 15

EIENDOMSPRYSE EN PLAKKERSKAMPE:

Is daar duursame opsies vir Suid Afrika se ontwikkeling?

Martin de Wit

ONTWIKKELING

Iemand wie ek ken se belangrikste oorweging met die aankoop van sy strandhuis, was om so ver as moontlik vanaf die naaste plakkerskamp te wees. My buurman noem homself 'n klassis. President Mbeki praat van twee ekonomiese in een land. Drie losstaande flardes, maar tekenend van 'n dieper saak: Suid-Afrika staan voor groot ontwikkelings-uitdagings. Wat is die opsies?

As ons op sekere vlakke ondersoek instel doen die Suid-Afrikaanse

ekonomie nie so sleg nie. Die media is vol daarvan. Ekonomiese groei is nou nie wat voorspel is nie, maar dit is vir die laaste paar jaar al positief. Suid-Afrika se aandeel in wêreldhandel is besig om te groei, alhoewel dit heelwat wipplank gery het. Die land se reserwes is heelwat beter as in die swak tagtigerjare. Inflasie en rentekoerse is op rekord lae vlakke. Belasting het gedaal. Verbruikers glimlag breed en spandeer hul ekstra inkomste op nuwe motors, eiendomme en vakansies. Dit gaan goed, en ons kan maar net dankbaar wees.

Ongelukkig geld hierdie vooruitgang nie vir almal nie. Meer as 30% van die bevolking is werkloos. Net minder as 40% het geen toegang tot sanitasiegeriewe nie. Meer as die helfte van alle plattelandse huishoudings is afhanklik van pensioene en staatsubsidies vir hulle oorlewing. Minder as 15% van die bevolking het 'n matrieksertifikaat. 'n Hele 10% van die bevolking lei aan VIGS. Dit lyk nie goed nie, en ons kan maar moedeloos raak.

Beide ekonomiese groei en vooruitgang en absolute armoede plaas druk op natuurlike hulpbronne en die omgewing. Suid-Afrikaners gebruik 'n disproporsionele hoeveelheid elektrisiteit, op sigself nog nie so probleem nie, maar wel as mens byvoeg dat meeste deur steenkoolkragentrales gegenereer word wat aansienlike lokale en globale omgewings- en gesondheidsimpakte het. Ons tel in die top 15 wat die uitstoot van kweekhuysgasse betref. Lugbesoedeling is 'n gesondheidsrisiko in sekere dele van die land. Vars water is relatief skaars, Suid-Afrikaners het gemiddeld maar 13% van die vars water wat die res van die wêreldbevolking het. Die ryke verskeidenheid fauna en flora is, en word, al hoe meer bedreig deur ondeurdragte ontwikkelings. Dit lyk weereens nie goed nie, en ons kan nog moedeloser raak.

Die medisyne wat voorgeskryf word, is sterk uiteenlopend. Aan die een kant die wat aanvoer dat: "as ons maar net bly groei, meer investeer en meer besigheidsgeleenthede genereer sal beide armoede en die omgewing mettertyd opgehef word. Plakkerskampe sal ophou bestaan". Groeiprofete sou ons hulle kon noem. Dogmatiese vertrou in die mark. Inderdaad, amper 'n religie. Aan die ander kant hulle wat glo dat sterk intervensie nodig is om sake uit te sorteer. In kort: "belas groei, subsidieer armoede verligting en omgewingsbewaring. Bou beter behuising deur staatsondersteuning. Plakkerskampe sal ophou bestaan". Van hulle kan ook maar dogmaties en kamma-religieus raak.

Belangrik is egter die punt dat daar vooropgestelde waardes en norme is wat hierdie verskillende dogmas dryf. *Konsepte* soos ekonomiese effektiwiteit, ekologiese oorlewing, gelykheid, en menseregte word tot absolute norm verhef.

CHRISTEN, ONTMASKER DIE VALSE AFGODE!

Die hele wêreld, met alles wat daarin is, het in sonde geval. Nie net hier en daar so 'n bietjie nie. Ook nie net in sommige lande, skole, huisgesinne, en mense nie. Alles het in sonde geval, en alles en almal staan absoluut skuldig voor God. Selfs die slimste en beste medisyne vir ontwikkelingsproblematiek in Suid-Afrika ontkom nie aan hierdie realiteit nie.

Christus se verlossing is groot genoeg vir die hele wêreld; klein is egter die getal wat dit in dankbaarheid wil aanvaar. 'n Nuwe hemel en nuwe aarde is die ewige toekoms, danksy sy verlossingswerk.

In hierdie konteks het ons nou al 'n opdrag. Realisties en nederig, in geloof en liefde. Normatief gestuur deur die Woord. Rentmeesters van
(vervolg op bls 3)

Eienaar en uitgewer:

Stigting Woord en Wandel
G de Jager (voorsitter)
BJ Kamphuis
A Bron (sekretaris)
Tel. (012) 332-0943

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: ds E Viljoen
(eindredakteur)
Mev. M de Vries
ds C Kleijn
J Moes
A Roos
ds J van der Linden

Redaksie: Mev. G van den Berg
Bloukeurstr 17
Blommendal
Bellville 7530
Tel. (021) 919-9732

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Oldenkottebrink 60
7544 LP Enschede
Tel. (053) 478 4561

Administrasie: Mev. ICW Buenk
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 331-3750

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
Vermeld asb. u Naam & Lidnr

Intekengelde (per jaar):
E-pos: RSA R40
Buiteland •10
RSA: R80 (per hand)
R90 (per pos)
Buiteland: Seepos •30
Lugpos •40

GOD IN BEWEGING

E Viljoen

ONTWIKKELING

Ons bely dat God onveranderlik is, maar dit is nie vir ons 'n belydenis wat op gespanne voet staan met God se bewoënhed oor die mens en die skepping nie. God is deeglik betrokke by sy skepping. Selfs nadat ons ons deur ons sonde in ellende gedompel het. Ons glo dat ons goeie God in sy wonderlike wysheid en goedheid die mens na sy sonde weer opsoek.¹ God kom in beweging! Deur die Seun van God se menswording kom God selfs in sy skepping in om ons te verlos. Hierdie geloof van ons is egter te onderskei van die panenteïsme wat aan ons voorgehou word in die sg. "Nuwe Hervorming" van prof. Sakkie Spangenberg, of die beeld van God deur dr. Ben du Toit verkondig.

DIE MENS AS ENERGIEVELD

Die kwantumwêreld wat vir die mens oopgegaan het in die twintigste eeu, het wetenskaplikes gefassineer gelaat met die atoom as energieveld. Alles bestaan uit atome en dit is die beweging van hierdie atome wat energie opwek. Hierdie basiese gegewe gebruik dr. Ben du Toit in sy berugte boek *God? Geloof in 'n post-moderne tyd* om die mens te beskryf op 'n materialistiese manier. Die beweging van atome in 'n bepaalde patroon is die basiese onderdeel van energie waaruit alle materie, ook die mens, bestaan.

Hy gebruik die "natuurwet" dat energie nie geskep of vernietig kan word nie, maar slegs van vorm kan verander, as logiese bewys dat die energie wat in 'n mens is, nie vernietig kan word nie. Dit word 'n natuurwetenskaplike (moderne?) manier om te beskryf dat die mens na sy dood op die een of ander

manier steeds sal voortbestaan.

Wel in 'n vorm wat vir ons onbekend is. Die belofte van die ewige lewe met die Here, word op hierdie manier 'n pre-moderne beskrywing van die mens wat vir altyd voortbestaan in 'n vorm van energie. Hoe ver het ons hier nie wegbeweeg van die evangelie van genade nie!

GOD DIE BRON VAN ALLE ENERGIE?

Du Toit gaan egter nog 'n stap verder. Hy wil nie net die mens beskryf in terme van 'n bewegende en ontwikkelende energieveld nie. Oor God moet/kan volgens hom ook in dieselfde terme gepraat word. Rondom die mens is daar 'n onsigbare energieveld wat 'n "spirituele werklikheid" kan wees. Hierdie onsigbare energieveld oefen 'n invloed op ons lewens uit; vir ons dikwels onwetend maar onmiskenbaar 'n werklikheid. In hierdie konteks wil Du Toit van God praat as die "bron van alle energie".

Vir Ben du Toit is die (minimum) vereiste van God om God te kan wees, dat Hy/Sy ongebonde aan tyd en ruimte moet wees. Wanneer aan die mens gedink word as onvernietigbare energieveld, kom daar nou die moontlikheid vir die mens om na sy dood wanneer hy tyd- en ruimtebeperkings ontsnap kan voortbestaan op 'n goddelike manier. Heel reguit gesê wil Du Toit dus sê dat die mens waarskynlik na sy dood deel van God word as deel van die groot bron van energie wat ander energievelds kan beïnvloed.

Die verbondenheid tussen God en mens sal dan slegs hierin kan bestaan dat ons oor God weet dat Hy (waarskynlik!!) die bron van alle energie is. Oor hierdie "god" kan ons natuurlik niks met sekerheid sê nie. Al ons kennis van hierdie "god" is voorlopig. Dit moet ook per definisie, want hierdie "god" is steeds besig om nuwe energie in homself op te neem en te verander. Deur die natuurwetenskap sal ons waarskynlik altyd meer van die heelal kan verstaan, maar elke uitspraak oor God is maar net 'n interpretasie van God op 'n bepaalde tydstip van die ontwikkeling in die natuurwetenskap.

Hier hoef nou geen verduideliking gegee te word om duidelik te maak dat dr. Ben du Toit ver weg is van die Christelike belydenis van wie God is nie. Hy wil dan ook ons kennis en verbondenheid met God verstaan as 'n soeke na God "beyond God". Ons moet verby ons verstaan van God in die Christelike sin gaan en meer inklusief en holisties oor God dink. Hy wil liever van 'n mens se "spiritualiteit" praat as sy geloof in God en in plaas van "God", wil hy eerder praat van 'n "hoër krag".

WHITEHEAD

Hierdie gedagtes van Du Toit is niks nuut in die teoloë-wêreld nie. Die verwantskap tot in die woordeskat toe met die Prosesfilosofie en – teologie, is opvallend. Alfred North Whitehead (1861 – 1947) was as befaamde wiskundige-filosof die grondlêer van die Prosesfilosofie. Sy denke is gefundeer in die moderne natuurkunde en dan heel spesifiek die kwantumteorie. Volgens hierdie teorie is daar 'n basiese eenheid in die hele werklikheid waarin ons leef. Alle dinge kan verduidelik word as 'n proses van gebeurtenisse wat onderling afhanklik is. Niks kan op sy eie bestaan nie, maar hang altyd weer saam met alles. Daar is 'n altyd voortgaande proses van uitruiling van energie en die aanwesigheid van die een energieveld beïnvloed

(vervolg van bls 2)

God se Skepping: diensbaar en besturend. Bereid om altyd weer ons aannames, gedagtes en dade te toets aan hierdie norme. Plakkerskampe en eiendom-spekulاسie – beide getoets aan dieselfde norm. Nie dogmaties in teoretiese leerstellings en ontwikkelingsmodelle, geen groeiprofete, geen ekologiese doemdenkers, maar in volle vertroue op die pad wat Hy vir ons, hierdie land, hierdie kontinent en die wêreld aanwys.

Is daar 'n meer duursame opsie? ☩

1. *Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 17*

altd weer die ander. Selfs die waarnemer van 'n wetenskaplike eksperiment is onafskeidbaar betrokke in en beïnvloed deur sy eksperiment. Geen absolute waarheid en kennis kan bestaan nie.

Whitehead maak op 'n manier plek vir die bestaan van God. Die groot kosmos is geen geslote sisteem nie. Indien dit wel so sou wees, sou die verdeling van energie beweeg het tot 'n toestand van rus. Dit gebeur egter nie. Die werklikheid waarin ons bestaan is nie slegs geweldig kompleks nie, maar word ook steeds meer kompleks. Dit lyk vir Whitehead asof daar van buite die "sisteem" 'n bron is wat steeds nuwe energie in die kosmos inbring. Hierdie vernuwende krag wat gedurige ontwikkeling verseker, noem hy "God".

COBB

Min of meer 1960 het 'n toenemende aantal teoloë hulle gewend tot die filosofie van Whitehead (en Harts-horne) op soek na 'n eietydse verwoording van die Christelike geloof. Dit het veral in die Anglosaksiese wêreld gebeur. Waarskynlik die bekendste teoloog wat die gedagtes van Whitehead in Christelike terme verwoord het, was John B. Cobb. Hy ken aan God in die kosmos veral 'n vernuwende funksie toe. Ons kan sy gedagtes in die volgende drie punte probeer opsom:


- God staan nie buite die kosmos nie en is ook nie onaangeraak daardeur nie; God en die skepping is eerder wedersydse afhanklik van mekaar.
- God werk in hierdie wêreld eerder deur oorreding as dwang. Geloof word 'n saak van wedersydse afhanklikheid – net soos wat die wêreld afhanklik is om die doel van die geloof te gee, so moet God die wêreld vertrou vir die bereiking van die doelwit.
- Ons moet God nie verstaan as die almagtige nie, maar eerder as die een wat saam met die wêreld ly. Net soos mense, ken God die toekoms net as 'n moontlikheid, maar nooit as 'n werklikheid nie.

Die klassieke beeld van God as die almagtige wil Cobb vervang met die beeld van God as Skeppende-reagerende Liefde wat tot die wêreld wil staan in 'n verhouding van oorreding. Die doel van God met die wêreld kan aanvaar of verwerp of verander word. Die uitkoms van hierdie proses is altd onbekend. God neem die risiko en onderneem die avontuur in 'n kosmiese eksperiment, terwyl God self die bron bly van beweging en ontwikkeling in die wêreld. Cobb sien Christus as God se bron van alle nuwe energie in die wêreld. Hy praat dan ook graag van Christus as "skeppende verandering".

ALLES BEWEEG

Dit is verhelderend om te sien hoe hierdie gedagtes van Cobb gebou is op die erfenis van die Griekse filosoof Heraclitus (540-475 v.C.). Teenoor Parmenides wat die werklikheid gesien het as iets wat altd dieselfde bly ten spyte van die voorkoms dat dit verander, gaan Heraclitus daarvan uit dat alles "wordend" is. Heraclitus verklaar met 'n bekende beeld wat hy bedoel – jy kan nie twee maal in dieselfde riviere stap nie; vars water vloei gedurig op jou af; alles beweeg.

Terwyl in Westerse denke vir baie lank die gedagtes van Parmenides oorheers het, was dit veral Darwin wat sy gedagtes van dinamiese verandering en evolusie in die biologiese- en natuurwetenskappe ingebring het. Daarmee het 'n nuwe klem gekom op die kosmos as 'n dinamiese proses van verandering. Die weg vir hierdie skuif in die moderne Westerse denke was reeds gebaan deur Schleiermacher



Charles Darwin

en Hegel waardeur die moderne lewe gekenmerk word deur toevallighede, relatiwiteit en beweeglikheid.

PANENTEÏSME

Die teologiese verwerking van die gedagte oor God as deel van die groot kosmos-proses, word *panenteïsme* genoem. (Nie panteïsme nie.) Volgens panenteïsme is God self as bron van alles wat gebeur bo die kosmos en behoort nie tot die werklikheid wat ons ken nie. Tog is dit geen Christelike geloof wat onderskeid handhaaf tussen God en sy skepping nie. By Cobb byvoorbeeld, is God juis teenwoordig in die kosmos. Die kosmos is die wese van God soos ons Hom ken wanneer Hy Homself vir ons gee. Alles wat is, is in God. God is tegelyk groter as alles wat is. Dit is die God wat aan ons voorgehou word in die sogenaamde Nuwe Hervorming met een van sy mees spraaksame propageerders prof. Sakkie Spangenberg.

GOD BEWEEG

Ons glo en bely dat ons God nie deel is van 'n gedurig veranderende proses van ontwikkeling nie. Hy is wel deeglik betrokke by sy skepping. Ons sou selfs kon sê dat God emosioneel betrokke is! Ons God word bly. Hy word toornig. Hy het lief. Hy kom in beweging wanneer die sondige Adam van Hom wegvlug in sy ellende. Ons genadige God soek Adam op en roep na hom. Die grootste wonder is dat ons God uit sy hoë hemelse heerlijkheid neerdaal op die aarde. In die Ou Testament reeds!

Die geweldige van ons geloof is dat ons bely dat die ewige God so in beweging kom dat Hy sy Seun in die gelykheid van ons sondige vlees na die aarde stuur, dat Jesus Christus in die maagd Maria deur die krag van die Heilige Gees sonder toedoen van 'n man, as mens verwek is en so my egte menslike natuur met al sy swakhede, maar sonder sonde, aanneem. Tegelyk is en bly ons Verlosser God en mens. Dit is die geweldige van die geheimenis van God geopenbaar in die vlees! ✠

60 Jaar Vrijgemaakt ... en nou?

Ds P Nel

RONDOM DIE KERK: BUITELAND

Het die Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt), en ook by implikasie al haar susterskerke, 'n nuwe Skrifbeskouing en hermeneutiek nodig?

Nie alleen merk die jaar 2004 'n periode van 60 jaar van ons susterskerke in Nederland se bestaan nie, maar dit dui ook op 'n tydperk waarin daar tans intense besinning aan die gang is oor watter eenskappe die Vrygemaakte Kerke vandag moet kenmerk. Die besinning wentel om vrae soos: Is daar kenmerke wat uitgedien is en wat dalk selfs foutief was? Watter kenmerke moet ons behou en watter moet ons liefs laat staan?

Op dié vrae kom daar natuurlik verskillende antwoorde, soos die groot aantal berigte en artikels in die kerklike media van die afgelope tyd getuig. Daar is 'n groep wat meen dat die identiteit van die GKN(v) so verwater het dat 'n "Nuwe Vrijmaking" vanuit die GKN(v) nodig geword het. Behalwe hulle is daar, dikwels naby die eerste groep, diegene wat byna alles van die verlede in goud wil verguld. Teenoor hulle is daar die ander ekstreem wat teen wil en dank die verlede vaarwel wil toeroep. Tussenin bevind die meeste lidmate hulle sekerlik. Dit is mense wat besef dat die verlede nie foutloos was nie, maar wat hulle tog ook nie wil bevind in 'n breuk met die verlede nie.

Ds Dolf te Velde, seun van prof Mees te Velde, gooi ook sy stuiwer in die armbeurs. Hy is oortuig dat daar wel 'n nuwe identiteit vir die GKN(v) nodig is: "Bij mij is de laatste jaren de overtuiging gegroeid, dat het inderdaad hard nodig is dat de Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt) opnieuw hun identiteit vinden. Het oude is inderdaad voorbijgegaan, er moet iets nieuws komen". Dié stuiwer laat sy gewig voel in die beurs. Woorde soos dat 'n identiteitsverandering by die GKN(v) "hard nodig is" en dat "die

oue inderdaad verbygegaan het" gaan nie ongemerk verby nie. Maar wat is dan tekenend van die "nuwe" identiteit van die GKN(v) wat "moet kom"? Te Velde beperk hom in sy antwoord tot drie merkers wat die nuwe GKN(v) se gedaante volgens hom bepalend kan beïnvloed, naamlik:

- dat die kerke moet bly by God se Woord.
- dat die kerke 'n positiewe identiteit moet ontwikkel.
- dat die kerke 'n breë oriëntasie nodig het.

Die drie baniere waarmee hier "te velde" getrek word is inderdaad kragtige leuses waarvoor elke opregte gereformeerde ernstig moet besin. Dit geld ook vir ons eie kerke in Suid-Afrika. In 'n artikel of wat wil ek graag elke "merker" van nader bekyk, dit krities evalueer en dan toepassings op ons eie situasie maak. Vandag fokus ons op die eerste.

BLY BY GOD SE WOORD

Wat anders kan mens uitspreek as waardering vir dié stelling? Dit was immers die leuse van die kerk van alle eeue. Ek het wel 'n meer uitgewerkte positiewe aansluiting by die eeu oue belydenis van die kerk oor die gesag van die Skrif verwag, maar dié gereformeerde beginsel van *sola scriptura* is ongelukkig nie verder in die artikel uitgewerk nie. Natuurlik hoef mens ook nie alles in een artikel te probeer sê nie. Ek meen egter wel dat juis hierdie aspek intense aandag en bespreking verdien.

DINGE WAT NOOP OM 'N NUWE HERMENEUTIESE ORIËTERING

Te Velde kies eerder om na 'n bepaalde dimensie, wat wel onder die banier resorteer, te gaan. Hy kies om nie in te gaan op sake soos die Wet van God, 'n heilige lewe of wat die belydenis oor getrouheid aan God se Woord sê nie. Hy beweeg vinnig na dit wat hy meen die bepalende faktor

agter die banier is, naamlik die eietydse hermeneutiek. Vir hom is die woorde op die banier op sigself nie so vanselfsprekend as wat dikwels aanvaar word nie. Die laaste 10-15 jaar se soeke in die GKN (v) na "meer ruimte" het by hom die vraag laat ontstaan: "Is alles wel zo strak en zo duidelik als ze dachten, of is er in het licht van Gods Woord meer mogelijk?" Vir Te Velde is die leuse wat hy as eerste merker gekies het, naamlik "bly by God se Woord" dus 'n minder positiewe uitdrukking as wat dit op die oor af klink. Hy wys op veranderinge, wat die vrae by hom na meer ruimte laat ontstaan het. Dit is dinge soos die veranderde visie op die kerk, die liturgiese en kerkmusikale vernuwinge, besinning op die gebied van die vrou in die gemeente en die nadenke oor homofilie en homoseksualiteit, wat ons eietydse hermeneutiek moet laat herbesin.

Hier wil ek eers gaan stilstaan, omdat gewigtige dinge gesê word. Dit is nie dinge waarvoor ons maklik heen kan gaan nie. In die eerste plek is hy so reg as hy vanselfsprekendhede so bietjie laat steier. Enigiemand wat in sy omstandighede getrou aan God se Woord wil bly besef dat dit nie altyd so maklik is om dit te doen nie. Maar is dié dilemma enigsins nuut? Was daar ooit 'n tyd wat die kerk so maklik ingestorm het waar engele versigtig trap?

Tweedens doem ernstige vrae op oor wie hier onder bespreking is. Het ons dit, in die dinge wat hierbo genoem word, oor die identiteit van die GKN(v) of praat ons nou veel wyer? Mens kan tog nie anders as om te sien dat dié voorbeelde wat genoem word nie in besonder te doene het met die 60 jaar van vrymaking nie. Dit is dinge wat reeds die laaste twee millennia in die kerklike arena gespeel het. Nie een van die voorbeelde is immers uniek aan die laaste 60 jaar van die kerk van Christus in Nederland nie. Die dinge speel veel tog veel wyer as net in die GKN(v). Oral vra kerke en het kerke, ook kerke van veel minder gereformeerde oortuiging, gevra na "meer ruimte" vir

die vrou in die kerk, homofilie en liturgiese vernuwing. Gaan dit dus daarvoor dat alle gereformeerde kerke, byvoorbeeld ook ons as susterskerke van die GKN(v) in Suid-Afrika, Kanada en Australië, moet aanvaar dat wat ons hermeneutiese uitgangspunte oor die sake betref die “oue verbygegaan” het?

Derdens mis ek enige konkrete en positiewe alternatiewe op die ouer insigte. Mens verwag veel meer detail hieroor in 'n artikel wat die ouer en gerespekteerde kenmerke van gereformeerde kerke in alle tye en plekke in 'n groot mate as uitgedien voorhou. Te Velde het hier 'n laaitjie, wat hy myns insiens veels te vinnig oopgetrek het, nooit werklik reggepak nie. Ons weet tog dat die kerk van Christus nog altyd laat blyk het dat daar op verskillende wyses van die diens van vroue in die kerk gebruik gemaak was en

kan word. Tog verklaar dit nie die huidige hermeneutiese vertrekpunte of die gesag van die Skrif as uitgedien nie. Die kerk kan haar vandag rustig herposisioneer wat vroulike take in die gemeente betref sonder om enige fundamentele verandering in haar belydenis of in die Skriftuurlike inkleding van die rol van die man en vrou in die kerk te maak. Juis dié onderwerp speel op hierdie selfde oomblik intens in die drie-party-gesprekke oor susterkerkverhoudings tussen ons deputate, die deputate van die GKSA en dié van die GKN(v). Die GKSA het immers reeds besluit om die vrou tot die amp van diaken toe te laat. Wat homofilie, en nog meer homoseksualiteit betref, is daar ook geen nuwe insigte nie. Die argument dat ons vandag met 'n nuwe tipe homofilie te doen het is van alle waarheid ontbloot. Dit was juis die hoogs gesofistikeerde en geleerde Plato wat meer as 500 jaar voor die brief Romeine dié ont-

aarde affiniteit bo die liefde tussen man en vrou gestel het. Om te dink dat 'n ingeligte Paulus, en nog meer die Heilige Gees, onbewus van die alternatiewe oortuiginge van Plato en baie aansienlike Romeine was is vergesog. Mens sou dus verwag dat ons broeder, of iemand van soortgelyke oortuiging, sulke ge-laaide sake veel meer genuanseerd sal hanteer in 'n volgende artikel. As dié nuwe sake dus nie werklik so nuut is nie, kan ons dalkies net vir wolf skaapwagter maak!

Dit bring ons derdens by die kwessie van hermeneutiek, dit wat Te Velde self aandui as dit wat “Achter veel van deze ontwikkelingen zit”. Dit is “een toegenomen aandacht voor wat genoemd wordt ‘hermeneutiek’.” Hieroor sê hy vele positiewe dinge, maar ook hier is alles nie so uitgemaak nie. Ons sal volgende keer dieper hierop ingaan.

JAARVERGADERING VGL

Die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel hoop om Vrydagaand, 22 Oktober en Saterdagoggend, 23 Oktober 'n jaarvergadering te hou. Tydens die vergadering gaan op *Gereformeerde Kerkwees in Suid-Afrika* gefokus word. Die bedoeling is om 'n oop gesprek oor die gereformeerde-wees van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA), die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (VGKSA) te voer. Die gesprekstema vloei voort uit die bespreking tydens die 2003-byeenkoms oor Christus se bede vir die eenheid van sy kerk (Johannes 17:21). Met vanjaar se tema hoop ons om in die lig van Christus se hoëpriesterlike gebed raakvlakke, asook verskilpunte wat oorbrug moet word tussen genoemde drie kerkverbande te omlin.

PROGRAM

Vrydag, 22 Oktober 2004 - 19:00 - 21:30

Gereformeerde-wees van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Spreker: Prof JH van Wyk (GKSA)

Respondent/Gespreksleier: Dr ALA Buys

Saterdag, 23 Oktober 2004 - 08:30 - 12:30

Gereformeerde-wees van die Nederduits Gereformeerde Kerk

Spreker: Ds H Hefer (NG Kerk)

Respondent/Gespreksleier: Dr VE d'Assonville

Gereformeerde-wees van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Spreker: Ds C Kleijn (VGKSA)

Respondent/Gespreksleier: Ds HLJ Momberg

Plek

Gereformeerde Kerk Die Kandelaar, ^h/_v Codonia & Dickensonlaan, Waverley, Pretoria

Kontakpersone

Ds Gerard Meijer – tel. (012) 546 4915 (e-pos: gjmeijer@absamail.co.za)

Mev Joke de Wind – tel. (012) 332 4676 (e-pos: jdewind@mweb.co.za)

VISIE OP DIE KIND

H Messelink

LEER EN LEWE

INLEIDING

Ek en my vrou versorg binne ons kerklike gemeente soms 'n aand vir ouers oor opvoeding. Dit is altyd boeiend. Ons merk op daar bestaan by ouers 'n groot behoefte aan geleenthede om ervarings oor die opvoeding van hul kinders met ander ouers te deel. 'n Onderwerp wat altyd aan die orde kom, is jou opvatting oor kinders. Watter wesens is dit? Hoe ontwikkel hulle? En op watter manier werk dan jou visie op kinders in jou opvoeding deur?

Oor hierdie vrae is reeds baie geskryf. In hierdie bydrae konsentreer ons net op een aspek van die onderwerp, naamlik die vraag: waarvoor gaan dit as die kind opgroeï, om die spontane ontwikkeling en ontplooiing of om die vorming van buite af? Ons bedoeling hierby is om die lig van Gods Woord op hierdie aspek te laat skyn. En ons wil afsluit met 'n kort toespitsing op die geloofsopvoeding.

ONTWIKKELING

"Alles is goed soos dit uit die hande van die Outeur van die dinge kom, alles ontaard in die hande van die mens". Met hierdie beroemde sin begin die Switsers-Franse pedagoog Rousseau (1712-1778) sy boek *Emile*. En baie mense het dit nagesê. Totale visies op die opvoeding is hierop gebaseer. Die kern van die visie is 'n groot vertroue in die natuurlike moontlikhede wat die kind by sy geboorte gekry het. As die kind in die wêreld kom, is hy in aanleg reeds volledig. Die beeld van die knop wat tot 'n blom ontwikkel of van die saadjie waaruit 'n plant groei, is hier op sy plek.

Om op te voed, is tuinierswerk en die opvoeder is 'n tuinier. 'n Goeie tuinier bestee baie sorg aan sy plante. Hy bewerk die aarde, besproei en bemes op die regte tyd. Hy probeer om die mees gunstige omstandighede vir sy

plante te skep, sodat daar later van tyd mooi blomme sal bloei. Maar ... hy kan nie rêrig beïnvloed nie. Wat uit die knop en die saad te voorskyn kom, lê reeds vooraf vas.

So is dit met hierdie soort visies oor die kind ook. Die kind word beskou as van nature goed, toeges met groot moontlikhede. Uiteraard moet die kind goed versorg word en jy sal ook probeer om 'n opvoedingsklimaat te skep waarin die kind hom veilig en geborge voel, sodat hy hom optimaal kan ontplooi, maar jy kan hom nie regtig beïnvloed nie. Daar kan net uitkom wat van nature reeds daarin is.

Pedagogies gesien, gaan dit hier om 'n pessimistiese kyk op die opvoeding. Sonder opvoeding word die kind nie groot nie, maar om op te voed is nie van die uiterste belang nie en volgens sommige outeurs selfs 'n misverstand. Deurslaggewend is die spontane, individuele ontwikkeling van die kind self. Gun die kind die vryheid om homself te ontwikkel en te ontplooi. Dan sal dinge reg uitwerk. Hierdie kindbeskouing is dus optimisties.

Vanuit laasgenoemde visie staan die behoeftes, belangstellings en moontlikhede van die kind in opvoeding en onderwys sentraal. Kinders leer eers regtig as daarop gekonsentreer word. Die kind bepaal veral self wat hy uit opvoeding en onderwys put. In Nederland ontmoet jy hierdie visie op die kind steeds weer en in die laaste jare in Suid-Afrika ook.

TOERUSTING

Teenoor hierdie (naturalistiese) beskouing van die kind staan 'n visie waarin juis die teendeel beweer word. By hierdie visie kan jy die kind byvoorbeeld met 'n blanko papier of 'n leë vat vergelyk. Wat op daardie papier geskryf sal word of wat in daardie vat gegiet sal word, word nie deur die kind

bepaal nie, maar deur die opvoeding of deur ander invloede van buite af. Of 'n mens kan dit vergelyk met 'n ongevormde klip of 'n klomp klei. Die opvoeder is dan die beeldhouer en boetseerder. Die kerkvader Chrysostomos (ongeveer 344-407) het reeds gesê: die ouers moet soos beeldhouers werk om die kind geleidelik die bedoelde vorm te laat kry. Hier kry ons dus weer 'n pessimistiese visie. Van vertroue in die spontane ontwikkeling van die kind is geen sprake nie. Om op te voed is nie net om te begelei en te help nie, maar veral om toe te rus. Dit beteken ook om verkeerde dinge in die kinderlewe weg te snoei en by te skawe. Alleen dan kan daar volgens Chrysostomos kampvegters vir Christus opgroei.

Binne die pedagogie handel dit hier om 'n optimistiese visie op die opvoeding. Ook al is die opvoeding nie almagtig nie, tog kan 'n mens, as dit goed gedoen word, baie verkom met die vorming van die beeld wat jy van die kind wil maak en van die voltooiing van daardie blanko papier. Dus: laat ons skole bou, dan kan ons die gevangnisse afbreek. Opvoeding 'n misverstand? Nee wat, om op te voed beteken om die hande uit die moue te steek en deskundig aan die werk te gaan. Vir seker kry jy dan 'n positiewe resultaat.

WAT SÊ DIE BYBEL?

Die Bybel laat daarvoor geen twyfel bestaan nie dat dit God self is wat 'n kind skep. Kyk byvoorbeeld Psalm 139 vers 13: "Want U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef." Mense maak geen kinders nie, maar God skep die menslike lewe. En dit nie onbepaald en algemeen nie, maar as 'n persoon. Kyk maar vers 16: "U oë het my ongevormde klomp gesien." My ongevormde klomp, die begin van Dawid. 'n Spesifieke individu, nie een van baie identiese blanko blaai van 'n skryfblok nie. Dit gaan oor 'n unieke persoon wat nie net in die wêreld kom met algemeen-menslike vermoëns en moontlikhede nie (byvoorbeeld die moontlikheid om 'n taal te leer praat), maar met individuele

eienskappe, 'n persoonlike bepaalde aanleg en moontlikhede wat spesifiek aan hierdie kind verbind is. Die Skenker van die lewe aan hierdie kind doen dit nie sommerso nie. Dan hou ons as verantwoordelike opvoeders natuurlik rekening met die bepaalde individualiteit van die kind. H Bavinck, die gereformeerde dogmatikus, het dit presies 'n eeu gelede al so formuleer: Die opvoeding moet dus uitgaan van, is gebonde aan, is afhanklik van, is bepaal deur die kind wat daar is en wat aan daardie opvoeding vir versorging toevertrou word. Daardie kind moet ons aanvaar soos wat hy is, met al sy vermoëns en kragte, met al sy aanleg en gawes. Die opvoeders moet dit aanvaar soos God dit gee.

Die vergelyking met die blanko stuk papier of die leë vat is dus volgens die Bybel nie reg nie. Die opvoeding is nie almagtig nie en die opvoeders kan die kind nie net vorm volgens hulle eie ideaalbeeld nie. Hulle kan dit nie doen nie en hulle moet dit ook nie wil doen nie. Die kind wat op daardie spesifieke wyse deur God geskep is, het reg daarop om ook as sodanig deur die opvoeders aangeneem, behandel en gekoester te word. Hy mag kind wees voor die aangesig van God en deur middel van die opvoeding ook geleidelik leer om sy eie manier van geskape wees te aanvaar en te werk aan die daaglikse vernuwing van sy lewe.

Moet ons die toerustingsmodel dan maar heeltemal eenkant toe skuif en die ontwikkelingsmodel omarm? Laat ons weer ons Bybel raadpleeg. Wat ons ook al daaruit verder kan leer oor kindwees en opvoeding, sekerlik nie dat opvoeding veral 'n handeling is wat bestaan uit die begeleiding van spontane groei en ontwikkeling (van talente byvoorbeeld) nie.

Die hele ontplooiingsdenke is vreemd aan die Woord van God. Gods gebooe, insettinge en verordeninge moet nie net in ons eie hart wees nie, maar ons moet dit ook ons kinders inprent (Deut. 6). Kinders moet onderwys word in die geskiedenis wat die HERE met sy volk gegaan het (Psalm 78). Hulle moet saamgeneem word in gelowige gewoontes en gebruike van die volk van God (Neh. 8). Kortom, hulle moet deur ma én pa opgevoed word in die vrees van die HERE (Spreuke 1 vers 7 en 8). Met die koms van Christus word hierdie pedagogiese opdrag verryk en verdiep. Ons moet met Christus beklee word (Gal. 3 vers 27) en Christus moet in ons 'n gestalte verkry (Gal. 4 vers 19). Ook hier blyk dat opvoeding, as ons dit in die lig van die Bybel beskou, nie aangedui kan word as "om uit te haal wat reeds daarin is" nie, maar eerder as "om daarin te sit wat van nature nie aanwesig is nie". En dit met volledige erkenning van die uitgangspunt soos deur Bavinck geformuleer.

GELOFSOPVOEDING

Kan ons dit wel doen: "daarin sit wat van nature nie aanwesig is nie"? Nee, nie eintlik nie. Om twee redes nie. In die eerste plek is daar die kind self wat nie passief ons opvoeding ondergaan nie, maar wat aktief daarin werksaam is. Ons kan probeer om 'n kind baie te leer deur onderwys, deur voorbeeld te wees of gerigte inset van pedagogiese middels. Maar ons leer hulle nie eintlik nie. In 'n baie gekompli-

seerde proses van wederkerigheid leer hierdie unieke kind self uiteindelik met sy eie moontlikhede, en drink dit self aktief ons opvoeding in of hy laat dit na. Daardie eie inbring van die kind in die opvoeding bepaal die grense van ons opvoeding. Met daardie besef gaan ons nie agteroor sit nie, maar ons span ons juis in (in soverre ons dit kan doen) om die kind vir daardie een lewensbestemming toe te rus: om God en die naaste te dien.

En in die tweede plek kan ons ook wat betref die geloofsoopvoeding uiteindelik nie "insit wat van nature nie aanwesig is" nie. Die Dordtse Leerreëls vertel daarvoor baie mooi dinge. In hoofstuk III/IV, artikel 12 word die feit dat ons glo, met niks minder nie as met Gods skepping en met die opwekkings van dooies vergelyk. Dat ek en u glo en dat ons kinders gaan glo, is "n volkome bonatuurlike, baie kragtige en tegelyk baie aangename, wonderlike, verborge en onbeskryflike daad" van God self deur die Heilige Gees. As opvoeders mag ons daarby diens doen as middel in die hand van God. Ons kan die geloof tot by die hart van die kinders bring, maar nie in die hart self nie. Dit hou God vir Homself. "Immers, Hy wat in die mens werk om te wil sowel as om te werk, bewerk alles in alma!" (Dordtse Leerreëls, III/IV, art. 14).

Daardie geloof vra oorgawe en vertroue en kan rus gee in die lewe van die Christelike opvoeder. Hoe sou ons hemelse Vader hierdie kind van Hom ooit aan sy lot kan oorlaat? Hy het hom mos tot sy kind en erfgenaam aangeneem en wil hom daarom met alle goeie dinge versorg en alle kwaad van hom afweer of tot sy beswil beskik. In daardie rus mag ons as opvoeders aan die werk spring.

Hans Messelink is die direkteur van die Gereformeerde Pedagogiese Academie in Zwolle, Nederland ☒

Aros

Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies

bied in samewerking met Potch 'n volledige B Ed studie aan voornemende onderwysers

Die vierjarige studie in Pretoria sluit in:

- Drie gelyktydige kwalifikasies: 'n erkende B Ed-graad van Potch, 'n Aros-kwalifikasie en 'n skoolgetuigskrif van praktiese vermoëns
- Skriftuurlike fundering in alle vakke
- Addisionele lewensbeskoulike modules
- Onmiddellike praktiese indiensopleiding
- Kleinskalige onderrig en persoonlike begeleiding

In 2005 word slegs 'n beperkte aantal eerstejaars toegelaat. Graag verskaf ons verdere inligting.

Tel 012 332 3222 of Posbus 31120, Totiusdal, 0134 of e-pos rvdkooy@mailbox.co.za



DIE PLEK VAN SEKSUELE OPVOEDING AAN DIE JONG KIND (II)

JJD Baas

SAMELEWING

In die vorige uitgawe het ons gesien dat ondanks die wegval van alle taboes op die gebied van seksualiteit, dit vir baie ouers tog moeilik bly om openlik met hulle kinders hieroor te praat. Ons het 'n paar oorsake opgesom en moontlike oplossings is gegee – in hierdie artikel brei ons daarop uit.

Ons het gesien dat, as een van die voorwaardes vir die seksuele opvoeding, 'n goeie opvoedkundige klimaat in die huis 'n oop gesprek kan bevorder. Met die positiewe opvoedkundige klimaat word bedoel dat by die huis openlik gepraat word, dat ook gevoelens verwoord word, dat geloof 'n sentrale plek inneem. Dat daar warm, liefdevolle belangstelling vir mekaar is. Ons het ook stilgestaan by hoe ons ons kinders sien.

NIE LOSMAAK VAN DIE LIEFDE NIE

In vandag se wêreld lei seksualiteit veral 'n enkelbestaan. Dit is seksualiteit sonder enige verhouding. Watter leë dop is seks nie as dit van die liefde losgemaak word! En dit is iets wat ons kinders vandag in groot hoeveelhede te sien kry. Watter enorme seksuele prikkel word nie deur baie advertensies uitgestuur nie! Ek dink nie net aan die televisie nie – kyk ook maar 'n slag langs die pad by die bushaltes. Dit is meer as skaamteloos hoe liggaamlikheid as die een en alles aangebied word. Ek moet dit anders stel. Dit word nie aangebied nie, maar opgedring. Moenie dink dat hierdie soort dinge by ons kinders verbygaan nie.

Ook hulle sien wat alles om hulle aangaan. Ons moet hulle dan ook op die verkeerde kante daarvan wys. Wys gerus aan jou kind dat jy verontwaardig word deur soveel skaamteloosheid. Laat ons ook baie kieskeurig wees as dit by TV-gebruik kom: waarna kyk ons wel en waarna nie? As ons alles maar

laat deurgaan onder die motto “Ons kinders moet tog bewus wees van wat in die wêreld aangaan”, waarmee is ons dan besig? Hoeveel TV-programme verkoop nie seks sonder dat liefde deel daarvan uitmaak nie?

As ons 'n rolprent of TV-reeks so spannend vind dat ons sekere verkeerde tonele of leefwyses maar op die koop toe aanvaar, as ons onself nie sover kry om die stel af te skakel nie, is ons onbewus daarvan dat die vyand daarop uit is om 'n houvas op ons te kry. Want stadig maar seker raak ons alles gewoond. “En dit is eintlik nie so erg nie; die enkele keer in die week, dit moet tog kan ...”

So sus ons onself aan die slaap. En onwillekeurig gaan ons self voetjie vir voetjie met so 'n leefwêreld saam. Ons verslap in die stryd. “En wat het dit te doen met ons kinders? Hulle is tog al meestal in die bed?”

Die invloed en mentaliteit wat uit die verskillende sepiereekse vloei, die konstante aanval wat reklame op ons moraal maak, kan onmoontlik sonder gevolge bly. Ons vra van God: “Lei ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die bose.” Maar wat doen ons dan self aan ons stryd teen die bose? Laat ons dan die verkeerde invloede op ons opvoeding uithou om die kinders in hulle hele lewe te rig op wat die Here wil hê.

Wys maar aan jou kinders wat liefde is. Pa en ma wat mekaar af en toe in die kinders se teenwoordigheid knuffel, is 'n goeie voorbeeld. 'n Baie positiewe invloed word uitgestraal as ouers wys dat hulle van mekaar hou. 'n Kind voel dan des te meer veiliger.

As jy met jou kind oor allerlei dinge praat, maar in besonder oor seksualiteit, wys dan veral dat die liefde sentraal daarby moet staan. In die eerste plek is daar die liefde



van God – sonder hierdie liefde kan niemand leef nie. Die liefde tussen vader en moeder kom ook daarvandaan. Liefde beteken om daar te wees vir mekaar, mekaar lief te hê, na mekaar te verlang, en ook om die liefde aan mekaar te betoon.

Die mooiste is dat jy ook aan jou kinders kan vertel: “As 'n man en vrou getroud is omdat hulle van mekaar hou, het hulle seks. En daardeur kan 'n kindjie in Mamma se buik groei. So het jy ook ontstaan. Jy is gebore omdat Pappa en Mamma mekaar liefhet!”

Die God van liefde bou deur die liefde van mense sy Kerk! Hoe oneindig mooi het Hy dit nie gemaak nie!

ONS HOUDING TEENOR SEKSUALITEIT

Ons eie houding teenoor seksualiteit is van groot belang. Hoe beleef jy self die seksualiteit? Jy kan jou kinders gerus laat weet dat julle as man en vrou ook daarvan geniet. Daarvoor het die Here seksualiteit ook aan die mens gegee. Helaas het 'n groot deel van die seksualiteit deur die sondeval vuil geraak. Die mens het in die sondeval die skoon gawe van God vuilgemaak. Ons sien dit in allerlei uitinge van vandag.

Voor die sondeval het Adam en Eva nie eers agtergekom dat hulle naak was nie. Hulle was nie skaam vir mekaar nie! Hulle liefde vir mekaar was volmaak. Hoe hartseer is dit dan dat mense juis op hierdie gebied stukkend gemaak word deurdat hulle hulle oorgee aan hul (seksuele) luste. Kinders van die Here moet probeer om dit weer in die regte verhouding te plaas. Een van die aspekte hiervan is dat jy daarvan mag geniet as 'n gawe van God.

Aan die ander kant is dit 'n intieme saak. Die naaktheid van die man en die vrou is vir hulleself, nie vir die kinders nie (dink aan Lev. 18). Dit dien ook nie as 'n soort lewendige voorligtingsmateriaal nie. Om vry met mekaar in naaktheid om te gaan in die gesin, gee aanleiding vir allerhande narighede op 'n latere leeftyd.

Ons moet ook aan die kinders wys dat seksualiteit nie alles is nie. Die Liefde staan bo aan. Hoe is dit dan anders moontlik om voort te gaan met 'n huwelik as een van die twee eggenote nie meer tot seksuele omgang in staat is nie? Die saadjies vir hierdie sake word al op 'n jong leeftyd geplant. Dan is dit des te sterker as ons houding teenoor seksualiteit 'n natuurlike houding is.

Nêrens anders bestaan daar soveel grappe as oor die seksualiteit nie. Die sogenaamde skurwe grappe. As ons as ouers van seksualiteit 'n voorwerp van spot maak, juis dít waarvan jy kan sê God mooi geskape het, watter voorbeeld kry ons kinders dan? Iets vuils, iets lagwekkends, iets skurfs? Kinders is uitstekende waarnemers. Hulle weet presies hoe ouers oor dié dinge dink, hulle voel dit aan. Hulle kom agter as jou woorde en dade ooreenstem of as dit mekaar weerspreek. Die Bybel sê ook dat ons alle sotlike, los en skurwe taal uit ons midde moet ruim. Laat ons mekaar maar oefen in die liefde!

WANNEER VERTEL JY WAT? EN VIR WIE?

Dit is seker duidelik dat ek, waar dit seksuele opvoeding betref, 'n voorstander is van 'n so natuurlik moontlike oordrag. Laat dit so ver moontlik plaasvind binne die geheel van die opvoedkundige gesprekke wat ons met ons kinders voer. En laat ons veral daarvoor sorg dat ons hierdie gesprekke op 'n egte manier met ons kinders het – nie spesiaal daarvoor gaan sit nie of so.

Die natuurlike oordrag geld ook vir die leeftyd waarop jy met jou kinders oor die seksuele dinge praat. Gee die kind op elke ouderdom gewoon die antwoord op sy of haar vrae, maar probeer om dit dan wel op die ontwikkelingsvlak van die kind te doen. Moet veral nie die idee skep dat dit oor iets gaan wat jy stilletjies moet bespreek nie. Oor die algemeen sal dit vir ons makliker wees by jonger kinders as by ouer kinders. Daarmee saam, as jy nie van jongs af met jou kinders op 'n normale manier oor liefde en seks gepraat het nie, sal dit op 'n latere leeftyd net al hoe moeiliker gaan. Dít alleen is al 'n duidelike teken om van jongs af met die kinders daaroor te praat. En dalk vra hulle 'n rukkie later weer presies dieselfde, omdat hulle alles weer vergeet het. Vertel dit dan doodgewoon nog 'n keer. Dit is nie 'n teken van ongeïnteresseerdheid van die kind se kant af nie; intendeel, jy vertel dinge aan jou kind waarvan hy/sy nouliks 'n voorstelling kan maak. Dit bring mee dat die dinge minder goed in hulle geheue bly vassteek.

Daar is nog 'n rede om van jongs af op 'n natuurlike manier met jou kinders oor seksualiteit te praat. Dit is beter dat die kinders dit opvang met jou woorde van verwondering vir die Skepper, as die skurwe woorde van die straat.

En wat staan jou te doen as jou kind jou nooit iets vra nie? Dan moet die ouers self aanleiding soek om hierdie onderdeel ook in hulle gesprekke met die kind na vore te

bring. 'n Geboorte in die buurt, 'n prentjie in 'n boek, 'n advertensie op televisie. Dit kan ook gedoen word deur 'n vraag aan die kind self te stel: "Weet jy waar jy eintlik vandaan kom?"

Wie moet dit nou aan die kinders vertel? Pa, ma, die skool? Uit bogenoemde is dit duidelik dat die skool of soortgelyke instansie nie die eerste aangewese plek is vir seksuele opvoeding nie. Dit moet tuis plaasvind. Ook in die rolverdeling tussen pa en ma sal dit op 'n natuurlike manier aan die orde moet kom. In die praktyk beteken dit: Stel die kind sy vrae aan pa, moet pa die kans gebruik om te antwoord, en as ma 'n vraag gevra word, moet ma dit antwoord. Moenie te gekunsteld wees nie, so van seunsvrae vir pa en dogtersvrae vir ma. Laasgenoemde neem nie weg dat die moeder natuurlik die gevoelens van 'n vrou die beste kan vertolk en die vader dié van 'n man nie. Saam praat met jou kind lewer soms ook pragtige oomblikke op. Dan kan jy mekaar aanvul.

Die skool kan ook 'n rol vervul in die seksuele opvoeding. Dit sal met name gebeur na aanleiding van 'n gebeurtenis whereby seks 'n rol speel: opgetelde prentjies of kinders met grootpraatjies. Die skool kan ook deur middel van Bybelstories aan die seksuele opvoeding werk. Dit is goed om as ouers en skool te weet wat julle aan mekaar het, daarom is dit aanbeveelbaar om by 'n oueraand of klasaand met die skool hieroor te praat. Jy weet dan watter aandag die skool daaraan gee en wat hulle van jou verwag.

Ons vind seksuele opvoeding dikwels 'n moeilike opdrag. Dit mag egter nie 'n rede wees om niks of baie min daaraan te doen nie. Sorg vir 'n goeie opvoedkundige klimaat by die huis. En dan net daarmee begin. As jy eenmaal oor die drumpel is, sal jy menige ryk oomblik met jou kind beleef. Oomblikke wat jy sekerlik nie sou wou misloop nie. ▣

'n KWESSIE VAN VORM

J Kroeze

KERKWEES

Hierdie is 'n onderwerp wat ek op 'n gemeentevergadering behandel het en waarop ek nou graag 'n bietjie meer uitbrei. Hoekom is hierdie vraag geopper en waarom moes dit verder in 'n artikel uitgewerk word? Watter belang het dit in kerksake? Oor die jare heen is daar vertel dat vorm nie belangrik is nie. Hierdie posisie word sterk in die samelewing ervaar, maar ook in kerksake. Vorm is eenvoudig net die gedaante waarin dinge gedoen word en dit is nie belangrik nie. Die aanvaarbare wysheid van die laaste paar dekades is dat dit die inhoud is wat belangrik is.

As ons egter rustig gaan sit en hierdie "wysheid" ontleed, klink hierdie stelling nie meer so oortuigend nie. Alle dinge moet aangebied word en hoe beter die aanbieding, hoe meer krag het die inhoud. 'n Opstel sonder struktuur, slaag nie daarin om tot die leser te spreek nie. Die inhoud mag miskien uitsonderlik wees, maar sonder 'n logiese uiteensetting, gaan dit nie oortuig nie. Al die verskillende tegnieke wat gebruik word, het geen nut as hulle nie gebruik word in 'n kumulatiewe manier om 'n effek te skep nie. Al die kunste steun op vorm. Daarom is moderne kuns uiteindelik ook onverstaanbaar: dit probeer om van alle bande van vorm te ontsnap.

Ons vind ook vorm by gedrag. 'n Mens se optrede kan gesien word as hoflik, vriendelik of onbeskaafd. Die samelewing het ook gedragsreëls, en waar hierdie reëls verbreek word, daar begin die samelewing verval. Oor die laaste paar dekades kan gesien word hoe respek vir gesag, vroue, senior burgers en mekaar begin verdwyn. Onbeleefdheid, kruheid en smerigheid het dramaties toegeneem. Die samelewing is in stryd met homself en verval. Die sosiale werkers probeer om 'n samelewing te skep wat nog omgee, maar die taak is hopeloos. Daar is geen vorm waarin hulle dit kan giet nie. Hulle is die produk van 'n samelewing wat soveel bande as moontlik afgegooi het. Mense wou vry wees en wil nie weer hierdie lisensie om na willekeur op te tree, verloor nie. Dit beteken dus dat hulle nie die samelewing kan herstruktureer nie, want struktuur is vorm en vorm beperk vryheid. Hulle sal wel 'n vlak van vorm toelaat wat in die wet vervat is, maar daar is sake wat nie deur wetgewing bepaal kan word nie en dit is waar sosiale vorm sal moet regeer.


Dieselfde probleem word in die kerk ervaar. Vir jare het die ou vorms begin verval, nie net in ons kerke nie, maar wêreldwyd. Dit kan gesien word in die verslapping van die klerekode by kerkdienste. Voorheen het kerkgangers hulle beste klere aangetrek, deesdae is spykerbroeke, t-hemde en sandale goed genoeg. Die argument is dat God na die hart kyk en nie na ons kleredrag nie. Vroeër het mense na die kerk gekom

om stil te sit en hulself geestelik voor te berei om na God se woord te luister en sy lof te besing. Nou word gepoog om die diens meer menslik en vriendelik te maak ... Die rede wat geopper word is dat die diens ook vir die mens aantreklik moet wees.

Gelowiges het voorheen op hul knieë gegaan as hulle bid om deur hulle houding te toon dat hulle mense is wat deur God se genade leef. Nou bid mense net soos dit hulle pas, gebruik enige woorde wat in hulle gedagtes opkom en praat met God asof Hy hulle vriend oorkant die straat is. Daar kan nog meer voorbeelde gegee word, maar hierdie is genoeg om te illustreer hoe ons vorm verander het en selfs in sommige gevalle geheel en al verdwyn het.

Dit mag wees dat sommige van die veranderinge wat in ons kerke plaasgevind het, noodsaaklik was om ontslae te raak van dinge wat nie meer verstaanbaar is in vandag se kultuur nie. Dit mag ook wees dat ander plaasgevind het weens die aanpassing van 'n Hollandse na 'n Suid-Afrikaanse kultuur. Baie van die veranderinge in ons erediens het egter 'n negatiewe effek daarop gehad. Aanbidding sonder vorm verloor sy vasmeerplek, want vorm is uiteindelik 'n uitdrukking van die teologie onderliggend aan die aanbidding. Die vorm wat ons aan ons aanbidding en erediens gee, word bepaal deur hoe ons God en sy Woord verstaan. Vorm versterk die inhoud net soos die inhoud vorm bepaal.

Laat ons eers na die persoonlike omgewing kyk. As ons onself as 'n skepsel sien, sal ons onself voor ons Skepper verootmoedig. As ons verstaan dat God



heilig is, sal ons onself nie as aanvaarbaar beskou nie. Dan sal ons nader aan God kom wetende dat ons dit net kan doen vanweë die middelaarswerk van ons Here Jesus Christus vir jou, want jy is 'n sondaar. As jy jouself ken as een sy kinders, sal jy nader aan God kom as jou hemelse Vader en Hom dank vir sy genade.

In die kerklike omgewing sal ons probeer om aan die erediens 'n vorm te gee wat die beste reflekteer wat in die verbondsvergadering van God met sy kinders gebeur. In die diens kom God tot sy kinders, en daarom moet ons onself voorberei om Hom te ontvang en dit kom tot uitdrukking in die votum. God kom in sy genade en dit word uitgedruk in die seengroet. Ons sing van ons vreugde en onderwerp ons dan aan die tien gebooië. Dan nader ons tot God in gebed waar ons onself aan Hom onderwerp en vra vir sy genade en ook sy seën oor die Woord-verkondiging. Daarna luister ons na die uitleg van God's Woord volgens gereformeerde doktrines. Dit is die sentrale element van die diens. God leer ons, korrigeer ons, bemoedig ons en berispe ons.

Dit word alles gedoen op die basis van verskeie beginsels: Slegs die Bybel mag gebruik word as die norm van ons geloof. Die erediens sal die gewone volgorde van die offers volg: eers is die sondoffer geoffer, daarna het die hele brandoffer gevolg waarin die Israeliete hulle weer herwy het aan God en laastens is die vredeoffer gebring omdat die gemeenskap met God weer herstel is. Ons vind al hierdie dinge in ons Here Jesus Christus. Hierna volg die ander beginsels: saligmaking is slegs deur genade en nie deur goeie werke nie. Saligmaking word slegs ontvang deur die geloof en op geen ander manier nie. God se kinders is syne en Hy behoort aan hulle deur die verbond. Hy kies uit wie Hy wil en hulle sal slegs na Hom kom deur geloof, want die mensdom is heeltemal verdorwe, en tensy God die hart versag, sal niemand glo nie. Hierdie basiese beginsels bepaal hoe die gereformeerde gemeente sy Here ontmoet. Dit word gedoen in nederigheid en dankbaarheid, omdat hulle weet watter onverdiende genade hul ontvang het. Die gereformeerde aard van die kerk kom uit in die vorm en inhoud.

Kerke wat 'n ander teologie het, toon dit in die vorm en inhoud van hul erediens. 'n Charismatiese kerk glo dat die Heilige Gees doop en ook in die gawe van spreek in tonge en geloofsgenesing. Hulle moet daarom in hul erediens ruimte maak vir die Gees om een van hul lede te doop tydens die diens. Hulle erediens is juis gerig op die skepping van so 'n gebeurtenis. Daarom neig hul aanbidding na 'n woordverkondiging wat die gemeentelêde sal lei na 'n emosionele klimaks. Daar

word ook gebruik gemaak van kore en orkeste, sang en dans, musiek en beligting om hierdie omgewing te skep. Dit is dus hul teologie wat hulle erediens vorm.

Dieselfde kan gesê word van enige vorm van Arminiaanse kerk. Hulle teologie is daarop gefokus om mense sover te bring om Christus te aanvaar. Hulle moet oortuig en hulle moet glo dat die persoon in homself die vermoë besit om Christus as sy Here aan te neem. Die bekeerde hoef dan nie so nederig te vel nie, maar kan met reg 'n bietjie trots voel op homself. Hy het die genade wat hom aangebied is, goed gebruik. Hy het sy sonde bely en hom tot God gewend. Hy moet egter ook onveilig voel, want hy weet hoeveel mense voor hom Christus aangeneem het en weer verval het. Hy mag miskien ook val en wie weet of hy homself weer tot God sal keer. Die boodskap wat gewoonlik

deur hierdie kerke gepredik word is een van 'n liewe, vriendelike Jesus en so word vrese dan besweer. Die gees van so 'n diens verskil wesenlik van die van 'n gereformeerde diens. Alhoewel die verskille nie so sigbaar is in 'n gewone (nie-charismatiese) Arminiaanse kerk nie, sal die vorm en inhoud saamkom om een duidelike boodskap te skep. Die vorm werk onbewustelik om die boodskap te versterk.

Daarom is die afbraak van vorm in gereformeerde kringe so kommerwekkend. Die gebrek aan vorm is die begin van van wanorde en deformatsie. Die gebrek aan vorm reflekteer 'n teologie van oneerbiedigheid en belangeloosheid. Dit wat van die kerk oorbly sal uiteindelik 'n nuwe vorm voorskryf.

As die nuwe vorm saamgeflans word van wat in ander kerke waargeneem word, sal elemente van die teologie van die vorms saam met hulle ingevoer word. Daarvan kan nie ontsnap word nie.

Daarom moet ons waaksaam wees om nie die vorm van die erediens te laat degenereer nie. Ek beskou dit as onafwendbaar dat daar wel veranderinge in die gereformeerde erediens sal kom, omdat die kultuur waarin ons leef besig is om te verander. Hierdie veranderinge mag egter slegs nuwe uitdrukkings wees van dieselfde basiese skriftuurlike en gereformeerde beginsels wat ons almal ken. Dit mag nie "invoerprodukte" wees van kerke met 'n ander teologie nie. Laat ons versigtig weer oor die vorm van beide ons persoonlike en gesamentlike aanbidding van God. Dit stuur 'n kragtige, onbewustelike boodskap aan alle aanbidders, insluitende ons eie jeug. Op hierdie wyse kan deformatsie ook teengestaan word.

Ds J. Kroeze is predikant van die Free Reformed Church, Legana, Tasmanie, Australie."



LITURGIE

- Woord en antwoord

H. Walinga

EREDIENS

In hierdie artikel kyk ons na twee onderdele van die liturgie wat wel dieselfde lyk, maar tog elkeen sy eie karakter en uitgangspunte het. Dit gaan oor die lees van die Tien Gebooe en oor die lees of sing van die geloofsbelydenis.

Soggens die wet en saans die geloofsbelydenis, ons sou kon sê: woord en antwoord. Daarmee het ons kortliks die karakter van hierdie twee dele van die liturgie opgesom.

DIE WET VAN DIE TIEN GEBOOE

Vroeër het baie voorgangers voor die wetlesing gesê: "Laat ons nou ons lewe toets aan die tien woorde van die verbond, die reël vir ons dankbaarheid." Vandag sê die meeste voorgangers dit bietjie eenvoudiger. Tog het die inhoud dieselfde gebly. Toets beteken dat jy jou lewe langs die wet neerlê en dan vergelyk ..., hoe het dit in die afgelope week gegaan? Wat is my voornemens vir die week wat voorlê?

Dit word dadelik duidelik dat die kerkdiens nie 'n eilandjie van rus in die besige daaglikse lewe is nie, maar 'n herinnering – deurdat die Tien Gebooe elke Sondag aan ons voorgehou word – aan die vorige Maandag, Dinsdag, ens. Hier is nie sprake van rustig in die kerk sit en alles oor jou heen laat spoel nie. Nee, hier is aksie. Jy moet jou daaglikse lewe bekyk. As dit prakties nie so moeilik was nie, sou die predikant eintlik na elke gebod 'n stilte moet inlas. "Jy mag nie steel nie," en in die stilte wat dan volg, moet ons dink: "Het ek daaraan voldoen? Hoe moet ek daarop let in die week wat kom?" Waarskynlik sal daar 'n ekstra lang pouse na die tiende gebod moet kom ...

In die verlede is daar meer aandag aan die funksie van die wet gegee. Daar was 'n aparte gebed waarin

skuldbelydenis gedoen is, waarna die genadeverklaring 'n plek gevind het. Deur die loop van die eeue is hierdie liturgie-onderdele wisselend gebruik. Verskillende sinodes het 'n uitspraak hieroor gelewer. So het die sinode van Middelburg in 1933 dit oorbodig verklaar, omdat daar tydens die preek genoeg geleentheid is daarvoor. Die sinode van Leusden in 1999 het 'n nuwe orde van diens opgestel, waarin die skuldbelydenis en genadeverklaring weer 'n plek gekry het. Verder het hierdie sinode ook opgemerk dat daar in die openingsgebed ook plek is vir hierdie twee elemente.

"Die reël vir ons dankbaarheid." Dit is 'n pragtige term: in die onderhouding van die wet kan ons ons dankbaarheid toon. Ons kan ons dankbaarheid vir ons verlossing wys wanneer ons nie egbreuk of steel nie, of wanneer ons die Here, ons God, liefhet en sy naam net met eerbied noem. In byna elke preek word daar aandag gegee aan een van die Tien Gebooe, aandag vir die reëls van die dankbaarheid.

Ten slotte nog iets oor die begin van die wet: "Ek is die Here, jou God, wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het." Dit mag dalk vreemd klink. Die Here het ons mos nie uit Egipteland gelei nie?

Hier is sprake van 'n pragtige liturgiese spreekwyse. Die voorbeeld van die uitleiding van die volk Israel uit Egipte is so beeldend, dat dit ook regstreeks op ons van toepassing is. Ons staan daarmee in die lang lyn van die geskiedenis. 'n Gebeurtenis van duisende jare gelede, word op ons toegepas. Moses gebruik hierdie "metode" ook in sy toespraak vir die Israëliete, toe hulle op die punt gestaan het om onder Josua se leiding in die land Kanaän in te

trek. Daar was nog net drie manne wat die uittoeg uit Egipte self mee-gemaak het: Moses, Josua en Kaleb. Tog sê Moses vir die volk: "Nie met ons vaders het die Here die verbond gesluit nie, maar met ons wat vandag nog lewe." Dit is 'n sterk, histories-bewuste opmerking, waarvan ons vandag in die liturgie ook die vrugte mag pluk: ook met ons, soos wat ons hier in die kerk sit en leef, het die Here sy verbond gesluit. So lig die liturgie ons uit bo tyd en plek.

Ons antwoord volg in die middag. Dan sing of spreek ons die geloofsbelydenis. Soms die Apostoliese Geloofsbelydenis en soms dié van Nicea. Dit is 'n pragtige gebeurtenis. God ontmoet ons in die erediens, Hy kondig sy universele wet af en dan mag ons daarop antwoord met die belydenis. Daaraan kan ons agterkom dat hierdie ontmoeting nooit eenrigting is nie.

Die uitspraak of sing van die geloofsbelydenis ken 'n sterk wisselende geskiedenis. In die vroeë kerkgeskiedenis het die geloofsbelydenis meer 'n funksie gehad by die doop van nuwe gemeenteliede. Calvyn het die Apostoliese Geloofsbelydenis sterk verbind aan die Nagmaal, wat toe meer gereeld gevier is. (Hy het die belydenis van Nicea minder geskik gevind.)

Daar is ook sterk wisselende gewoontes wat betref die uitspraak deur die voorganger of die sing deur die gemeente. As ons logies dink, sou ons kon sê dat die sing voorkeur moet geniet. Of die gemeente daarby gaan staan, is 'n willekeurige kwessie, waarvoor wel goeie redes gevind kan word. Daar is nie 'n Bybelse voorskrif, of kerkordelike of konfessionele gedagte wat die ontstaan van die gemeente bindend voorskryf nie. Vanweë die ontbreek van voorskrifte, dink ek nie dat daar 'n beswaar is teen die staande aanhoor of sing van die belydenis nie.

Dit is opvallend dat daar in die laaste jare meer aandag vir hierdie onderdeel gekom het. In baie gemeentes het die tradisionele voorlees deur die voorganger van

die Apostoliese Geloofsbelydenis plek gemaak vir ander vorme. So is daar ook in meer kerke ingevoer dat die gemeente gaan staan tydens die aanhoor of sing daarvan. Daar is mense wat daarin die tendens bespeur dat die mens meer sentraal staan. Aan die ander kant word die motivering gewoonlik genoem dat dit eerbiediger is. Daarvan moet ons dan ook uitgaan.

Dit sou baie interessant wees om 'n slag 'n ondersoek te doen na die Bybelse en kerkhistoriese gedagtes oor die staan in 'n erediens in 'n algemene sin. Wanneer het dit byvoorbeeld in die Ou Testament plaasgevind? Is dit bekend hoe die vroeë Christelike gemeentes daarmee om gegaan het?

In Nehemia 8:6 lees ons dat die volk gaan staan het sodra Esra "die boek oopmaak." Dit het gegaan oor die wet van die Here. Ook in ander gedeeltes in die Skrif vind ons dit vermeld. Dink byvoorbeeld aan die geskiedenis van Christus wat in die sinagoge preek. Terwyl Hy uit die boekrol lees, het Hy gestaan, maar toe Hy met die uitleg begin, het Hy gaan sit.

Hierdie gedeeltes wys eerder op die teenoorgestelde van wat ons normaalweg doen: hulle het gaan staan as die Here spreek en

nederig bly sit wanneer die mens spreek.

'n Ander aspek waarby ek wil stilstaan is die afwisselende sing en voorlees van die geloofsbelydenis. Ek dink dit is 'n baie goeie manier om die aandag gespanne te hou, sodat die mense besef wat daar werklik gebeur. Dit is – ongelukkig – 'n menslike eienskap dat die aandag vir telkens weerkerende sake maklik afgelei word. Die rede hiervoor, naamlik dat ons nie ons aandag daarby bepaal nie, word gewoonlik nie genoem nie! Dit geld ook vir die geloofsbelydenis. Die genoemde afwisseling hiervan het aandagswaarde, wat natuurlik ook aan slytasie onderhewig is.

Opsommend: twee keer per week gee ons aandag aan die verbondsluiting van God met ons. Een keer by die vasstelling, die amptelike dokument, die wet en die ander keer by die reaksie daarop. Gesien die rykdom van hierdie verbond is dit 'n saak wat elke keer weer ons volle aandag verdien! ✠

Brighten the Corner Where You Are

We cannot all be famous
or be listed in 'Who's Who,'
But every person great or small
has important work to do,
For seldom do we realize
the importance of small deeds
Or to what degree of greatness
unnoticed kindness leads -
For it's not the big celebrity
in a world of fame and praise,
But it's doing unpretentiously
in undistinguished ways
The work that God assigned to us,
unimportant as it seems,
That makes our task outstanding
and brings reality to dreams -
So do not sit and idly wish
for wider, new dimensions
Where you can put in practice
your many 'Good Intentions' -
But at the spot God placed you
begin at once to do
Little things to brighten up
the lives surrounding you,
For if everybody brightened up
the spot on which they're standing
By being more considerate
and a little less demanding,
This dark old world would very soon
eclipse the 'Evening Star'
If everybody Brightened Up
the corner Where They Are!

VGKSA

KOMPAS is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande plaaslike predikante of sendelinge in verbinding te tree:

ds C Kleijn	Fratesweg 775	Rietfontein	0084	Tel. (012) 331 0931
Rev. T Mogale		Mamelodi		Tel. (012) 801 7937
Rev. MP Magagula		Soshanguve-Noord		Tel. (012) 798 1553
ds P Nel	Du Plooystraat 80	Bethal	2310	Tel. (017) 647 6693
ds RM Retief	Lakeweg 22	Strubenvale	1559	Tel. (011) 362 1698
ds J van der Linden	Corneliusstr 1071	Panorama, Roodepoort	1724	Tel. (011) 679 1646
ds E Viljoen	Mauritiussingel 3	Stellenberg	7550	Tel. (021) 919 9149
ds JR Visser	Dunwoodielaan 1380	Waverley	0186	Tel. (012) 332 2948

Sendelinge in diens van die kerke is:

ds J Bosman	Breyerlaan 1415	Waverley	0186	Tel. (012) 332 2831
ds JA Breytenbach	Blackwoodstraat 12	Bellaire, Bellville	7530	Tel. (021) 919 4215
ds CF Nicholson	Patoustr 33	Amanda Glen	7530	Tel. (021) 975 9994

SINFONIA AFRICANA, MUSIEK VIR SUID-AFRIKA?

Hilde Roos

MUSIEK

Klassieke musiek in Suid-Afrika voer vandag 'n moeilike bestaan binne 'n samelewing waar produktiwiteit en wins oënskynlik die bestaansreg aan aktiwiteite verleen. Gelukkig ken ons land verskeie professionele orkeste, dans- en opera geselskappe, musiekdepartemente by tersiêre instellings, heelwat musiekskole en 'n groot hoeveelheid amateur kore en orkeste. Boonop het ons selfs 2 klassieke musiek radiostasies in die land (Classic FM in Gauteng en Fine Music Radio in die Kaap). Tog bly die stryd van die musikus om 'n bestaan te maak nooit ver buite sy bewussyn nie en hang die grootte van die winsmarge altyd dreigend bo die koppe van orkeste en musiekdepartemente.

Gelukkig word klassieke musiek steeds nuut geskep, ook in Suid-Afrika waar ons so ryk geseën is met kreatiwiteit en bronne vir inspirasie. Ons land ken heelwat komponiste wat die afgelope eeu op en uit eie bodem nuwe musiek gekomponeer het. Die populariteit en geslaagdheid van nuwe musiek as 'kuns' is en bly egter 'n tamentele wat nie net hier nie, maar orals in die wêreld hewige debat en nog hewiger studie tot gevolg het. Helaas bewys die vraagstuk homself as 'n tamentele wat selde opgelos word. Kuns is een van daardie ondefinieerbare terme en mens neig maar om jou eie smaak en opinie daaraan te heg. Selfs die 'toets van die tyd' is nie meer geldig nie, baie musiek uit die Baroktydperk (musiek van rondom 1700) word vandag deur musikoloë beskou as 'the dustbin of the Baroque'. Maar omdat kuns op universaliteit aanspraak maak, is dit tog nodig om kriteria te stel om te voorkom dat die term sy waarde verloor.

Op 19 Augustus vanjaar het die premiêr van *Sinfonia Africana*, 'n nuwe werk deur die Suid-Afrikaanse komponis Hendrik Hofmeyr, in Kaapstad plaasgevind. Die werk en die resensie wat daarna in *Die Burger* verskyn het, het wyd uiteenlopende reaksies ontloot en 'n 3-week lange debat in die koerante veroorsaak waaraan selfs skrywers uit Pretoria deelgeneem het. Hoewel die debat behoorlik venynig gevoer is, het dit duidelik geword dat die Suid-Afrikaanse luisterpubliek, musikoloë en komponiste geweldig uiteenlopende kriteria aan kuns stel. Die kriteria wissel van die outoriteit van die individuele ervaring tot politieke korrektheid tot kulturele vereistes tot musikale voorwaardes.



Hendrik Hofmeyr (gebore 1957) is 'n komponis wat nie in die moderne styl wat baie musiek van die 20e eeu kenmerk, komponeer nie – hy skryf nie atonale musiek nie. Hy is by uitstek 'n romantikus in sy opvatting oor wat musiek is en hoe dit moet klink. Hy het 'n besondere aanvoeling vir die dramatiese en is 'n meester in orkestrasie en die hantering van die stem in musiek. In 1997 het hy die mees vooraanstaande komposisieprys in Europa, die *Koningin Elisabeth Komposisie Kompetisie* (Elisabeth van België, nie Engeland nie) gewen. Hy is 'n dosent aan die Universiteit van Kaapstad en huidiglik seker dié mees populêre SA komponis onder orkeste en ander musici. Hy is dus 'n man van portuur, sy mening en sy musikale waardesisteme dra groot gewig.

Sinfonia Africana is 'n grootskaalse werk vir orkes, koor en sopraan solis en duur meer as 'n uur. Dit het 3 dele wat elk bestaan uit die toonsetting van 'n Afrikaanse gedig: 1) *Lied van Suid-Afrika* van Eugène Marais, 2) *Gebed om die gebeente* van DJ Opperman en 3) *Afrika* van CM van der Heever. Die aanloop tot die komponeer van hierdie werk het begin by die skrywer van die briljante boek oor sterre *Die Groot Gedagte*, Gideon Joubert. Joubert is ook 'n bestuurslid van die vereniging *Vriende vir Afrikaans* en het gevoel ons land behoort 'n werk te hê wat Afrikaans verteenwoordig. In opdrag van die vereniging is Hofmeyr gevra om 'n werk te komponeer. Die keuse van die komponis en die gedigte wat hy sou kies is dus bepalend vir die identiteit van die eindproduk en 'n saak wat uiteindelik in die debat ná die uitvoering onder skoot gekom het.

Soos 'n resensent wat sy sout werd is, sal ek my mening oor *Sinfonia Africana* waag: die musiek het my 'n luisterervaring gegee wat ek nie sommer sal vergeet nie. Behalwe dat die musiek self van toeganklike en hoogstaande gehalte was, is die tekste uiters treffend. Die musikante het hulle ook voortreflik van hul taak gekwyt. Hofmeyr het 'n gawe om die betekenis van die teks in musiek te laat uitkom en dit verryk die luisterervaring. Enigiemand wat nie deur die woorde van *Gebed om die gebeente* geraak word nie, is myns insiens 'n robot. En as mens vatbaar is vir musikale belewing, kan mens nie anders as om deur die musiek getref te word nie. 'n Mens se eie musikale voorkeure sal sekerlik die graad daarvan bepaal, maar aan die kantlyn staan, is net nie moontlik nie. Die betrokke resensent wat die konsert vir *Die Burger* geresenseer

het, Stephanus Muller, het egter ongemaklik gevoel met 1) Hofmeyr se romantiese musiekstyl (as synde uit die 19e eeu) en 2) Hofmeyr se keuse van gedigte. Muller het geïmpliseer dat die gedigte uit 'n ou politieke bestel kom wat vandag nie meer relevant is nie.

Die reaksies uit Afrikanergeledere op hierdie tipe van kritiek was natuurlik (en heel verstaanbaar) baie fel. Komende uit 'n immigrante gesin waar Afrikaner nasionalisme my nie met die papepel ingegee is nie, voel ek tog dat Muller se kritiek hier onvanpas is. Enige een wat 'n kind verloor en wie se liggaam nie gevind word nie, soos nog daagliks op die Kaapse Vlakte en elders in die wêreld gebeur, ken die smart wat Opperman só treffend in *Gebed om die gebeente* verwoord. Verder het die beskrywings van hoe 'n land 'n mens kan raak, soos beskryf in die ander 2 gedigte, meer te doen met die individu se ervaring as met pre-1994 Afrikaner nasionalisme.

Die debat het duidelik gemaak dat in Suid-Afrika politiek sy neus in alle kulturele aangeleenthede druk (en waarskynlik nog in 'n klompie ander goed ook). Dit gaan nog lank vat voor die negatiewe assosiasies met alles wat voor 1994 geskep is, afgeskud kan word. Die kwessie van kulturele identiteit en die uitlewing daarvan wat kwansuis alle kulture en politieke belangegroepes gelukkig moet hou, is 'n drukgang wat



net die ware kunstenaars (en per definisie ware kuns) te bowe kan kom.

*O sing deur ons en maak ons menslik, ruim,
ons oë sag om ver die blou te meet,
dan breek gebrek in ruising van die skuim
En word ons suiwer deur te glo en weet!*

*O Afrika! jou naam dreun soos die see!
jou stem is op die nagwind, diep en donker,
en is ons roep 'n eeue-ontwaakte beë
na vure in die nag wat helder flonker!*

Uit: *Afrika* van CM van der Heever (laaste 2 verse) ❏



FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927

Besondere Geskenke!

- Prof B Spoelstra: Gereformeerde kerkreg en kerkregering - R285
- Prof L Floor: My tye is in U hand (preke) - R60
- Ds G Meijer: Twaalf maal geseënd (preke) - R49
- Ds P Venter: As daar lig is, is daar vrug (preke) - R33
- Ds H Momberg: En as ek sterwe - R39
- Ds W ten Haaf: Gewaarborgde oorwinning (Bybelstudie Daniël) - R80
- Ds R Visser: Lewe sonder God sinloos (Bybelstudie Prediker) - R39
- Dr C van der Waal: Sola Scriptura (Ou Testament) Drie dele - R39 elk
- Dr J Visser: Die Kerkorde in praktyk Herdruk in voorbereiding (kan reeds bestel word)

- Totius: Versamelde werke - R700
- Pelsers, P J: Evolusie en die Bybel - R89
- Psalmboeke: Totius-beryming - R97
- Bybel (drie vertalings: 1933/53, 1983 en NIV) - R1150
- ARSO - Gereformeerde skoolboeke - lys beskikbaar.

Alle pryse sluit BTW in. Posgeld R2 per boek.

CD's ook verkrygbaar
(Martin Mans, Dub de Vries, Aafje Heynis, Urker Mannenkoor, ens.)

Ander takke van Folmer Boekhandel:

Tolle Lege (Pretoria)
(Adri Buenk)
14e Laan 961
Wonderboom-Suid
0084
Tel 012 – 331 3750

Folmer Boekhandel (Kaapstad)
(Petro Drijfhout)
Bondstraat 7
Oakdale, Bellville
7530
Tel 021 – 948 5883

